Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

education
Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima
Noordwes Departement van Onderwys
North West Department of Education
NORTH WEST PROVINCE

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## EKONOMIE V1

## SEPTEMBER 2020

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye**

Kopiereg voorbehou

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   - AFDELING A: VERPLIGTEND
   - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   - AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Lees die vrae aandagtig deur.

5. Begin ELKE vraag op ‘n NUWE bladsy.

6. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

7. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

8. Gebruik slegs blou of swart ink.

9. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

10. Skryf netjies en leesbaar.

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae voorsien. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK.

1.1.1 Ononderbroke vloei van produksie, inkomste en besteding tussen deelnemers in die ekonomie.

A Sakesiklus
B Ekonomiese ewewig
C Geldmark
D Ekonomiese kringloop

1.1.2 Punt waar die ekonomie se uitbreiding op sy hoogste is.

A Boom
B Piek
C Herstelfase
D Trog

1.1.3 Die … regering omsluit stedelike gebiede, streke en munisipaliteite.

ÉcoleBooks

A plaaslike
B provinsiale
C nasionale
D sentrale

1.1.4 'n Internasionale organisasie wat geld aan lande leen wat met voortslepende betalingsbalansprobleme sukkel.

A Wêreldbank
B Verenigde Nasies
C Internasionale Monetêre Fonds
D Valutamark

1.1.5 'n Organisasie wat vryhandel tussen Argentinië, Brasilië, Paraguay en Uruguay bevorder.

A NEPAD
B SAOG
C BRICS
D MERCOSUR

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



1.1.6 Die aantal jare wat 'n kind wat nou gebore word verwag om te leef is sy…

A lewenstandaard.
B lewensverwagting.
C ekonomiese ontwikkeling.
D koptellingsindeks.

1.1.7 'n Beleid wat gemik is op die aanmoediging van belegging in industrieë en die doeltreffendheid daarvan.

A Ruimtelike ontwikklingsinisiatiewe,
B Streeksontwikkeling,
C Nywerheidsontwikkeling,
D Vaardigheidsondersteuningsprogram,

1.1.8 Die persentasie van die nasionale begroting wat aan onderwys toegeken word.

A Openbare besteding.
B Sekondêre inskrywings.
C Primêre voltooiing.
D Jeug-geletterdheid. (8 x 2) (16)

ÉcoleBooks


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die lette (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Nasionale rekeninge | A *ad valorem* of spesifieke belastings op ingevoerde goedere |
| 1.2.2 Tendenslyn | B hoeveelheid goedere en dienste wat mense verbruik, wat 'n funksie van hul inkomste is |
| 1.2.3 Kollektiewe goedere | C die regering se hoofdoel met sakesiklusbeleide |
| 1.2.4 Absolute voordeel | D sistematiese en omvattende rekord van ekonomiese aktiwiteite |
| 1.2.5 Tariewe | E geregtelike besit van 'n ontwerp of handelsmerk |
| 1.2.6 Lewenskoste | F waar ondernemings kantore of fabrieke van hul besigheid in ander lande ook oprig |
| 1.2.7 Intellektuele eiendom | G algemene rigting waarin die ekonomie beweeg |
| 1.2.8 Internasionalisering | H die regering voorsien parke, strande, ens. waar fooie gehef kan word om nie-betalers uit te skakel |
| | I wanneer een landgoedere en dienste goedkoper as 'n ander produseer (8 x 1) |

(8)

EcoleBooks

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



1.3 Gee een term vir elk van die volgende omskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK. Afkortings, akronieme of voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Primêre ekonomiese deelnemers.

1.3.2 Hulle verklaar dat markte inherent stabiel is en dat eksogene faktore die ewewig versteur.

1.3.3 ‘n Bedrag wat invoerders betaal voordat hul goedere kan invoer.

1.3.4 Die Suid-Afrikaanse Reserwebank konsulteer met banke en oortuig hulle om op ‘n bepaalde manier op te tree in sekere ekonomiese omstandighede.

1.3.5 ‘n Toename in die produksiekapasiteit van die ekonomie om meer goedere en dienste te produseer.

1.3.6 Alle persone, mans en vrouens, tussen die ouderdom van 15 en 65 wat hul arbeid vir ekonomiese aktiwiteite aanbied. (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2 MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae:

2.1.1 Noem enige TWEE deelnemers in 'n geslote ekonomie. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoekom is dit belangrik dat die regering poog om 'n stabiele ekonomie te bevorder? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

| **JAG: 'N EKONOMIESE INSPUITING VIR S.A.** |
|---|
| Suid-Afrika, met sy wye verskeidenheid wildspesies, word as een van die wêreld se voorste jagbestemmings beskou. |
| 'n Studie wat onlangs deur die navorsingseenheid van Toerisme Navorsing in Ekonomiese Omgewing en Gemeenskap (Trees) in samewerking met die professionele jagtersvereniging van Suid-Afrika (Phasa) gedoen is, toon dat trofeejag jaarliks 'n ekonomiese inspuiting van R1,98 miljard aan Suid-Afrika gee. |
| [Aangepas uit: *www.media24.com, 18 April 2018*] |

2.2.1 Na watter ekonomiese deelnemer word in die uittreksel verwys? (1)

2.2.2 Noem EEN ander inspuiting in die ekonomie. (1)

2.2.3 Omskryf die term *inspuiting* kortliks. (2)


2.2.4 Verduidelik die impak van lekkasies op die ekonomie. (2)

2.2.5 Hoe sal inspuitings indiensneming in die ekonomie beïnvloed? (2 x 2) (4)

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



2.3 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




2.3.1 Op watter datum was die Rand die sterkste teenoor die Dollar? (1)

2.3.2 Watter tipe wisselkoers word in die grafiek voorgestel? (1)

2.3.3 Omskryf die begrip *wisselkoers* kortliks. (2)

2.3.4 Hoekom is dit belangrik vir 'n land om 'n stabiele wisselkoers te hê? (2)

2.3.5 Hoe sal 'n appressiasie van die rand teenoor ander geldeenhede verbruikers beïnvloed? (2 x 2) (4)

2.4 Bespreek *prysbeleid* en *gebrek aan aanspreeklikheid* as probleme van openbare sektorvoorsiening (2 x 4) (8)

2.5 Evalueer die effektiwiteit van die metodes wat gebruik word om die betalingsbalans onewewigtighede reg te stel. (8)
**[40]**


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 3 EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae:

3.1.1 Noem TWEE aanwysers met betrekking tot die inflasiekoers. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoekom is dit belangrik dat streeksontwikkeling ekonomiese sentralisasie beperk? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**SSA LOOTS PLAN OM DIE TOTALE BEVOLKING TE TEL**

Sensus 2021 sal die eerste volkstelling wees wat nuwe metodes gebruik om data-insameling deur middel van digitale toestelle te doen. Veldwerkers sal die sensusvraelys aangesig-tot-aangesig administreer deur die respondente wat die Rekenaargesteunde Persoonlike Onderhoud (RGPO) gebruik deur die inligting op ‘n digitale toestel op te neem, eerder as ‘n vraelys op papier, en waar van toepassing, die Rekenaargesteunde Internetonderhoud (RGIO) gebruik waar die respondent die vraelys deur middel van die internet voltooi.

[Aangepas uit*: SSA, 8 Oktober 2019*]

3.2.1 Gee EEN voorbeeld van ‘n digitale toestel. (1)

3.2.2 Watter instansie publiseer statistieke van die RSA? (1)

3.2.3 Omskryf die term *sensus* kortliks. (2)

3.2.4 Hoekom gaan sensus 2021 nuwe metodes gebruik? (2)

3.2.5 Hoe help sensusdata die regering? (2 x 2) (4)

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**STRATEGIESE GEÏNTEGREERDE PROJEKTE**

'n SGP is 'n portefeulje van projekte wat mekaar aanvul in 'n spesifieke geografiese gebied en/of vir 'n gegewe sosio-ekonomiese doelwit.

Hulle bestaan uit:
- 5 Geografiese SGPe- 1,2,3,4, & 5
- 3 Ruimtelike SGPe - 6, 7 & 11
- 3 Sosiale Infrastruktuur SGPe - 12, 13 & 14
- 3 Energie SGPe - 8, 9 & 10
- 2 Kennis SGPe - 15 & 16
- 1 Streek SGPe - 17
- 1 Water & Sanitasie SGPe - 18

[Aangepas uit: www.pseta.org.za]

3.3.1 Gee EEN voorbeeld van 'n geografiese SGP. (1)

3.3.2 Wat is die fokus van SGP 16? (1)

3.3.3 Beskryf die term *korridor* kortliks. (2)

3.3.4 Hoekom is dit belangrik vir SA om meer groen energie in industriële ontwikkeling te gebruik? (2)

3.3.5 Hoe suksesvol was SGPe om SA se streeksontwikkeling te bevorder? (2 x 2) (4)

3.4 Onderskei tussen *ekonomiese groei* en *ekonomiese ontwikkeling*. (2 x 4) (8)

3.5 Hoe suksesvol is streeksontwikkeling in Suid-Afrika in terme van "benchmark" kriteria (8)

**[40]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 4 MAKRO-EKONOMIE & EKONOMIESE STREWES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae:

4.1.1 Noem enige TWEE internasionale organisasies wat van hul lede vereis om hul aanwysers te standaardiseer. (2 x 1) (2)

4.1.2 Wat is die uitwerking van rykdomsbelasting op inkomste herverdeling? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die gegewens hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Ons sal nie staatsondernemings privatiseer wat vir ontwikkeling benodig word nie**

Soos wat die regering werk om staatsbeheerde ondernemings (SBO's) te hervorm, het die president verseker dat staatsbates behou sal word as dit strategies is vir die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie.

Gedurende die Staatsrede het die president die vordering gedeel in die omkeer van staatsbeheerde ondernemings wat deur korrupsie en wanbestuur geteister is.

Dit is beklemtoon dat gedurende die laaste jaar, nuwe rade is aangestel in Eskom, Denel, Transnet, Safcol, Prasa en SA Express. Die nuwe rade het die mandaat verkry om korrupsie van die verlede aan te spreek.

[Aangepas uit: *Fin 24 Nuusbrief, 7 Februarie 2019* ]

4.2.1 Watter beleid word deur die regering gebruik om ekonomiese aktiwiteite te beïnvloed? (1)

4.2.2 Wat is die rol van die Minister van Finansies? (1)

4.2.3 Omskryf die term *privatisering* kortliks. (2)

4.2.4 Verduidelik kortliks hoekom die regering poog om ekonomiese groei te bereik. (2)

4.2.5 Hoe sal die uitwissing van korrupsie en wanbestuur van SBOs die ekonomie bevoordeel? (2 x 2) (4)

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



4.3 Bestudeer die onderstaande prent en beantwoord die vrae wat volg.




**EKONOMIESE GROEI AS BOME VOORGESTEL**

[Aangepas uit: *Google Ekonomie Strokiesprente*]

4.3.1 Noem EEN faktor wat ekonomiese groei in Suid-Afrika beperk. (1)

4.3.2 Hoe word ekonomiese groei gemeet? (1)

4.3.3 Omskryf die term *ekonomiese groeibeleid* kortliks. (2)

4.3.4 Wat is die positiewe impak van SEB op voorheen benadeelde individue? (2)

4.3.5 Hoe kan produktiwiteit in die ekonomie verbeter word? (2 x 2) (4)

4.4 Onderskei tussen *reële vloei* en *monetêre vloei* in die ekonomiese kringloop model. (2 x 4) (8)

4.5 Hoe kan die regering dienste as sosiale aanwyser gebruik word om die lewenstandaard in Suid-Afrika te verhoog? (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>• 'n Goeie begin is om die sleutel konsep wat in die vraag voorkom te definieer of om te omskryf.<br>• Gee addisionele inligting om die onderwerp te ondersteun.<br>• Moenie in die inleiding enige deel van die vraag insluit nie.<br>• Moenie enige gedeelte van die inleiding in die liggaam bespreek nie.<br>• Vermy om in die inleiding te sê wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**:<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in detail / In diepte bespreking / Ondersoek / Bespreek krities / Ontleed / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Differensieer / Verduidelik / Assesseer / Debateer<br><br>**Addisionele gedeelte:** Gee eie opinie / Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Trek 'n grafiek en verduidelik / Gebruik 'n grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek / Bereken / Bepaal / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Vertolk / Debateer kortliks | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking**<br>• Die gevolgtrekking is 'n samevatting van die onderwerp wat bespreek is in die liggaam en moet as 'n HOË-ORDE respons gesien word.<br>• Die gevolgtrekking kan die vorm van 'n eie opinie, voorbeelde, argumente om die bespreking van die onderwerp in die liggaam te ondersteun of teen te staan.<br>• Geen aspek van beide die inleiding en liggaam moet in die gevolgtrekking herhaal word nie. | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5 MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die hoofdoelwitte van die openbare sektor in die ekonomie volledig. (26 punte)
- Hoe suksesvol is die hoofbegroting daarin om ekonomiese doelwitte te bereik? (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6 EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die volgende sosiale aanwysers volledig:
  - Demografiese aanwysers
  - Inkomeverdeling aanwysers
  - Behuising en Verstedeliking (26 punte)
- Bespreek die gebruik van ekonomiese en sosiale aanwysers in die globale ekonomie krities. (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou